

SONDAG 16 Junie 2002
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
OGGENDDIENS

LITURGIE

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
	Tegnies	Mikrofoon vir Tersia / Petro	
	Voorsang	Petro Ps 134:4 “Laat Heer U seen op hul daal”	Hennie
Liturg	Welkom		
Liturg	Votum & seën	Verwerking Ps 121 “Ek kyk op...”	
Hannes	Lof (staande) Num 27:1-5 Ester 2:7	<i>Ps 68:6 “’n Vader vir weeskinders is Hy... Ps 10:14 “ook vir die “fatherless” is U ‘n helper” Ex 22:22 “Jy mag geen weduwee of “vaderlose kind” verontreg nie”</i> LB212:1-3 “Loof die Heer Hy is goed” <i>Psalm 27:10 “Al sou my vader en my moeder my verlaat, die Here sal my onder Sy sorg neem”</i> “Loof die Here al wat lewe” LB202:1-3 “Prys Hom die hemelvors” <i>Geloofsbelydenis</i>	LB212:1-3 LB202:1-3
Hannes	Aanbidding (sittende)	Hemelvader, ek aanbid U LB171:1-2 “Heilig, heilig, heilig” (JG17) <i>Skuldbelydenis Genadeverkondiging</i> E- :1-4“Ek wil U sien Heer” <i>Gebedslys</i>	Hemelvad LB171 Ekwilu
Ouderling	Gebed		
Liturg	Skriflesing	Eksodus 20:1-17 (v12)	Skrif
Liturg	Preek	Help my! Ek’s ‘n pappa! <i>Help hom om pappa te wees!</i>	Skrif
Liturg	Gebed		
Diakens	Offergawe	Afkondigings op digitale bord	afkondig
	Lied	“Ons Vader neem ons hande”	
Liturg	Seën		

PREEKSKETS

Help my! Ek's 'n pappa!
Help hom om pappa te wees!

Inleiding

Hoe word 'n mens 'n pappa?

Spreekwoord: "Van drukkies en soentjies, kom kousies en skoentjies"

- Dis die lekker deel van pa-wees.
- Dit begin by drukkies en soentjies.
- Verliefdheid.
- Romanse.
- Ongelukkig gaan ons nie vanoggend oor daardie deel praat nie.
- Ons gaan wel gedurende die vakansie 'n aantal kere raadoor praat.
- Kom ons noem dit die eerste hoofstuk.
- Ek wil graag oor die tweede hoofstuk praat.
- Oor daai dag in jou lewe wat jy pa word.

So paar jaar gelede het daar iets ongelooflik in my lewe gebeur.

- Ek en Tersia is laat die aand na 1 Mil hospitaal in Pta.
- Dit was so 11-uur die aand.
- Tersia hou daarvan om dinge so op die nippertjie te doen - ook kinders kry.
- Met Emile se geboorte het sy gewerk tot 'n uur voordat Emile gebore is.
- Hoe dit ookal sy: Ons is teen 11:00 die aand hospitaal toe.
- Die volgende oggend (ongeveer 09:00) is Corniël gebore.
- Dit was baie opwindend.

Maar daardie nag het daar iets in my lewe gebeur.

- Ek het by die hospitaal ingestap as 'n eggenoot.
- Ek die volgende oggend uitgestap as 'n pa.

Ek weet nie mooi wat het alles daardie nag gebeur nie.

- Maar daai nag het ek 'n splinternuwe rol gekry om te vervul.
- Ek het "pa" geword.
- Ek was nou 'n pa.
- Skielik was daar iemand wat vir my sou "pa" sê.

Die skrikwekkende is dat niemand my geleer het om 'n pa te wees nie.

- Toe ek belydenis van geloof wou aflê, moes ek vir 12 jaar elke week sonagskool toe gaan om te leer wat dit beteken om 'n christen en 'n lidmaat te wees.
- Toe ek wou trou, het ek vir 'n paar weke huwelikkategese deurloop om te leer wat dit beteken om getroud te wees.
- Maar toe ek 'n pa geword het, was daar geen kursus om my voor te berei nie.
 - En in een nag se tyd word jy 'n pa.
 - Niemand het jou geleer om pa te wees nie.
 - Niemand het vir jou al die antwoorde geleer sodat jy dit vir jou kind kan leer nie.
- Geen opleiding om pa te wees nie.

En nou kom die ersgte van alles:

- God stel jou (as pa) aan as hoof van die huis.
- En Hy sê; jy moet namens Hom jou gesin regeer.
- Jy moet die koning in die huis wees.
 - die een wat die huis regeer

- Jy moet die priester in die huis wees.
 - die een wat versorg
- Jy moet die profeet in die huis wees.
 - die een wat vir die gesin sê: so sê die Here.

Wat 'n geweldige taak!

Baie dae kry 'n mens dit reg.

- En dan voel jy goed oor jouself.
- Baie dae voel 'n mens tevrede: Ek is 'n suksesvolle pa.
 - My gesin is lief vir my
 - Ek het 'n werk en kan vir hulle sorg.
 - Hulle is gehoorsaam...

Ander dae:

- misluk 'n mens.
- Ja soms voel 'n mens of jy totaal misluk het.

Kinders:

- Miskien is jy gelukkig om in 'n huis te wees waar pappa 'n uitstekende pappa is.
 - Hy is altyd waar hy moet wees.
 - Hy het julle nog nooit teleurgestel nie.
 - Hy's 'n goeie pappa.
 - Hy sorg mooi vir julle
- Sê vir die Here dankie.
- Miskien is jy in 'n huis waar pappa al baie misluk het.
 - Of waar pappa besig is om te misluk.
 - Hy het dalk 'n reuse fout gemaak.
 - Of hy het dalk nie vir julle gesorg soos hy moes nie.

Jy kan vandag jou rug op jou pa draai.

Of jy kan hom help om pappa te wees.

Hom help sodat hy 'n beter pappa kan wees.

Jy kan hom help om die pappa te wees wat die Here bedoel het hy moet wees.

Hoe kan ek my pa help om 'n beter pa te wees?

Gehoorsaamheid

Efe 6:1 "Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis."

Kol 3:20 "Kinders, wees in alles aan julle ouers gehoorsaam, want die Here verlang dit van kinders wat in Hom glo."

Vrouens moet hulle onderwerp aan hulle mans.

- Kies om hulle te onderwerp.
- Hulleself vrywillig ondergeskik stel aan hulle mans.

Kinders moet hulle nie "onderwerp" aan hulle ouers nie.

- Kinders moet "gehoorsaam wees" aan hulle ouers.
- Baie sterk woord.
- Sê eintlik: kind kan nie kies nie - hy moet dit doen.
- Dit is sy plig.
- Die Here vereis dit van hom.

Kol 3 gaan 'n bietjie verder: hy moenie net gehoorsaam wees nie - maar gehoorsaam in alles.

M.a.w: Wat God van 'n kind eis is absolute gehoorsaamheid.

- Al verskil jy van jou pa.
- Al sou jy dit anders gedoen het.
- Al is hy outyds.
- Al het hy baie keer as misluk as pa.

Hoekom is gehoorsaamheid vir die Here so belangrik?

- Deel van die 10 gebooië
- Die eerste gebod op die tweede tafel

Want dit is die kern van die hele samelewing.

- As 'n kind nie vir sy ouers lusiter nie, sal hy ook nie eendag vir die owerhede lusiter nie.
- As 'n kind nie by die reëls in die huis hou nie, sal hy ook nie eendag by die land se reëls hou nie.
- Gaan kyk maar waar begin 'n misdadiger se pad:
 - In die huis:
 - Opstand teen sy ouers
 - Rebelle
 - Ongehoorsaamheid.

En nou die slegte nuus:

- Jou pa kan jou nie verander nie.
- Hy kan jou nie reg slaan nie.
- Daarom praat die Bybel nie eerste met die pa'a nie.
- Hy praat eerste met die kinders.
- En Hy sê: wees julle gehoorsaam aan julle ouers.

Help hulle om julle groot te maak.

Help hulle om goeie ouers te wees.

Help hulle om 'n sukses te maak van hulle ouerskap.

- Klink hierdie situasie vir julle bekend: Julle kuier by mense - die kinders is baie stout - hulle doen die stupidste dinge - jy probeer jou bes om kalm te bly - jy sit jou beste smile op - sê vriendelik "stop julle dit nou" - maar dit gaan net aan en aan - later kan jy dit nie meer hou nie - jy byt op jou tande - jy probeer om nogsteeds te smile - en jy sê saggies vir jou seuntjie: Ons sal by die huis gesels.
- Wat gaan by die huis gebeur? Ja, hulle gaan slaë kry.
- Hoekom slaan jy hulle nie daar nie?
- Want dit is vir jou ongemaklik om hulle voor ander mense te slaan.
- Dis vir jou 'n verleentheid.
- Hulle stel jou as pa in 'n moeilike posisie.
- Hulle maak dit vir jou moeilik om pa te wees.

Kinders, help jou pa om pa te wees.

Wees gehoorsaam aan hom.

Reg lewe

Spr 23:24 "“n Vader van 'n kind wat reg doen, voel baie gelukkig. 'N Wyse seun verskaf sy vader groot vreugde.”

Ek het nou die middag saam met Corniël rugby gekyk by die Laerskool.

Dit was die onder 10 of onder 11 wat teen Bailliepark gespeel het.

En ons gaan sit toe sommer op die gras voro die pawiljoen.

En net hier links van my staan 'n tannie.

- Haar seun was besig om te speel.
- En dan die span hierdie kant toe beweeg, beweeg sy hierdie kant toe.
- En as die span daardie kant toe gaan, gaan sy daardie kant toe.
- En sy stuur daai laaitie van haar op die veld.
 - Gryp die bal.
 - Gaan vir die doellyn.
 - Duik hom.
 - Voluit seun, voluit...
- Kyk, sy het die hele game saamgespeel - sy was net nie op die veld nie.
- Ek moes 'n paar keer net padgee of sy is bo-oor my.

Maar weet julle wat het vir my uitgestaan.

- Daai trots op haar gesig.
- Dis my kind.

Die Bybel sê dat 'n kind wat reg lewe, maak sy pa baie gelukkig.

- Trots.
- Julle moet sien hoe blom 'n pa as sy kind presteer.
- Julle moet sien hoe swel 'n pa se kop as sy kind iets goeds gedoen het.

Dis nie lekker vir 'n pa om 'n briefie van die hoof af te kry nie.

Dis nie lekker vir 'n pa om 'n rapport te teken wat net rooi merke is nie.

Dis nie lekker vir 'n pa om te hoor sy kind is die belhamel in die skool nie.

Dis nie lekker vir 'n pa om sy kind se borgtog te gaan betaal nie.

Dit maak dit baie moeilik om 'n pa te wees.

Dit vat die lekker van pa-wees weg.

- Dit maak van hom 'n minder-effektiewe pa.
- Baie keer maak dit dat 'n pa onttrek.
- Dat hy selfs op die kantlyn begin staan.

Spr 23:24 “'n Vader van 'n kind wat reg doen, voel baie gelukkig. 'N Wyse seun verskaf sy vader groot vreugde.”

Wil jy jou pa gelukkig maak?

- Lewe reg.
- Doen wat jy weet wat reg is.
- Bly weg van verkeerde plekke af.
- Bly weg van verkeerde mense af.
- Bly weg van verkeerde dinge af.

Lewe reg - en jy gaan sien wat 'n pa gaan hy word!!

Respek

Gen 9:20-26 “Noag was 'n boer, die eerste wat 'n wingerd geplant het. Hy het wyn gedrink en dronk geword. Toe het hy kaal in sy tent gelê. Gam, die pa van Kaanaan het gesien sy pa is kaal en het dit buite vir sy twee broers gaan vertel. Sem en Jafet het toe 'n kledingstuk van Noag gevat, dit oor hulole skouers gehou en agteruit geloop en hulle pa toegemaak. Hulle het anderpad gekyk, sodat hulle nie kon sien hulle pa is kaal nie. Toe Noag uit sy roes wakker word en verneem wat Gam, sy jongste seun gedoen het, sê HY: Vervloek is Kaanaan, 'n nikswerd slaaf sal hy wees in diens van sy broers. Verder het hy gesê: Prys die Here, die God van Sem. Kaanaan moet Sem se slaaf wees.

Hierdie verhaal is een van die tamentele tette in die Bybel.
Hier is baie vroe in hierdie gedeelte.
Baie goed wat vir my nie mooi sin maak nie.

Maar hier is iets ongelooflik oor vaderskap.

Noag was tot nou toe 'n baie voorbeeldige man.

- Uit al die mense in die hele wêreld het die Here vir Noag gekies om gered te word.
- Hy en sy gesin.
- En Noag het man-alleen die ark gebou.
- Maak nie saak hoe die ander mense spot en lag nie.
- Want hy het God op Sy Woord geneem.
- Ek kan maar net aanneem dat hy ook 'n goeie pa moes gewees het.
- Want sy kinders was ook op die regte pad.
- En daarom het God besluit om hom en sy hele huis te spaar.

- En toe kom die sondvloed

- En toe alles verby is, het Noag 'n wingerd geplant.
- En hy het wyn gemaak.
- En daai aand het Noag hom dronk gedrink.
- So dronk dat hy kaal in sy tent gelê het.
 - Is hy nogsteeds 'n goeie pa?
 - Verdien hy nogsteeds respek?

- Gam het gesien sy pa is dronk.
- Hy het uitgestorm buitentoe en gelag.
- Hy roep sy boeties en sê: Kom kyk, pappa is dronk!

- Weet julle wat?
- Gen 9 vertel nie vir ons of die Here met Noag geraas het nie.
- Ons weet ook nie of dit ooit weer gebeur het nie.
- Ek neem aan die Here het hom eenkant toe geroep en met hom gepraat.
- Maar Gen 9 vertel wel vir ons dat Gam se nageslag vir altyd vervloek is oor dit wat hy gedoen het.

Kom ons trek dit deur na vandag toe:

- Miskien is jou pa soos Noag.
- Miskien moes jy hom al dronk gesien het.
- Dalk meer as een keer.
- Miskien selfs elke aand
 - Dalk het hy op 'n stadium in 'n verhouding betrokke geraak.
 - Dalk was jy die een wat hom betrap het.
 - Miskien was hy oneerlik by die werk.
 - Of hy het jou ma lelik behandel.

Weet julle wat is die les van Gen 9?

- Jy moet hom nogsteeds met respek behandel.
 - Sy foute vat nie jou verantwoordelikheid weg nie.
 - Hy bly jou pa en jy moet hom met respek behandel.
 - Ek weet dit is moeilik: maar dit is wat God vereis.

Ons almal se pa's het groot foute gemaak.

Ons elkeen wat nou 'n pa is maak groot foute.

- Maar die Here wil hê ons kinders moet ons nogsteeds respekteer.

Moenie jou pa afskryf oor sy foute nie.

Moenie op hom neersien omdat hy sonde gedoen het nie.

Maak soos Sem en Jafet:

- Behou julle respek vir hom.

Want anderdag, as die situasie verander het, is dit vir hom baie makliker om sy rol as pa weer in te neem wanneer al die respek nie verlore gegaan het nie.

Mal 1:6 “‘n Seun eer sy Vader, en ‘n slaaf sy eenaar. As Ek dan Vader is, waar is die eer wat my toekom?”

Efes 6:2 “Eer jou Vader en jou moeder is ‘n baie belangrike gebod, en daar is nog ‘n belofte by: sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.”

Hoekom moet jy jou pa eer?

- Nie omdat hy ‘n goeie pa is nie.
- Nie omdat hy sonder foute is nie.

Jy moet eer omdat hy deur God aangestel is om jou pa te wees.

Dit het baie min met sy persoonlikheid en sy eienskappe te doen.

- Dit gaan oor die pos wat hy bekleed as pa in die huis.
- Ek onthou baie goed die tydjie wat ek in die weermag was:
 - Sommige van my bevelvoerders het slegte lewens geleef.
 - Hulle het dinge gedoen wat vir my onaanvaarbaar was.
 - Maar ek het hulle nogsteeds gesalueer.
 - Jy kan nie kies wie jy wil salueer nie.
 - Al lewe hy hoe - hy bekleed ‘n pos / rang.
 - En as gevolg van daardie rang verdien hy ‘n sekere hoeveelheid respek en eer.
- Jou pa is deur God in sy “pos” aangestel.
- En al sou hy hoeveel foute maak: dit vat nie jou verantwoordlikheid weg nie.

Ek het baie lesse by die kinderhuiskinders geleer - baie meer as wat hulle seker by my geleer het.

- Een van die groot lesse wat ek by hulle geleer het is respek vir jou ouers.
- Jy moet ‘n bietjie gaan sit en louter hoe hulle met hulle ouers spog.
 - Jy hoor altyd net die mooiste.
 - Hulle kyk verby al die lelike dinge en sien die mooi dinge raak.

Eer jou vader en jou moeder...

Hoof van huis - onderdanigheid

Efes 5:22 “Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is. Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die Kerk is.”

Weet julle wat?

- Daardie dag toe ek en Tersia getrou het, het die Here vir my ‘n sekere werk gegee.
- Hy het my aangestel as hoof in die huis.
- Wat is my werk as hoof?
 - Ek moet my gesin lei.
 - Ek moet my gesin beskerm.
 - Ek moet my gesin versorg.
 - Ek moet my gesin liefhê.

En wat moet my gesin doen?

- Hulle moet my help om die werk te doen wat die Here vir my gegee het.
- Hulle moet my help om 'n goeie hoof vir die huis te wees.
- Hulle moet dit vir my makliker maak om "hoof" te wees.

En hoe kan hulle dit doen?

- Deurdat Tersia haar vrywillig aan my onderwerp.
 - My respekteer as die man in die huis.
 - My respekteer as die pa van die kinders.
 - My respekteer vir die rol wat die Here vir my gegee het.
- Die bybel noem dit onderdanigheid.

Ek is nie belangriker as sy nie.

Ek is nie beter as sy nie.

- Onderdanigheid het niks daarmee te doen nie.
- Onderdanigheid beteken dat 'n vrou die rol respekteer wat die Here vir haar man gegee het.

En nou:

- Ek kan nie 'n effektiewe pa wees as my vrou nie onderdanig is aan my nie.
- As sy my nie respekteer nie.

Vrouens, jou man kan nie 'n effektiewe pa wees as...

- hy met jou moet kompeteer nie...
- jy hom voor die kinders afkraak nie...
- jy agteraf by die kinders sleg praat van hom nie.
- as jy die kinders toelaat om nie vir hom te luister nie...

Dis onmoontlik.

Jy ondermyn sy rol as pa.

As jy dit doen is jy skuldig daaraan dat hy nie 'n goeie pa is nie.

Wil jy hom help om 'n goeie pa te wees?

- Stel jouself vrywillig onderdanig aan hom.
- Respekteer sy rol (wat die Here vir hom gegee het)
- Help hom om hierdie rol te vervul.

Gebed

1 Tim 2:1 "Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir die wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid."

Bid jy elke dag vir jou pa?

Bid jy dat die Here hom sal help om 'n goeie pa te wees?

Bid jy dat die Here sy sonde sal vergewe? En vir jou sal help om dit te vergewe?

Sê jy vir die Here elke dag nog dankie vir die mooi dinge in hom?

- Want in elke mens is daar mooi dinge ook.

Sluit af met 'n beeld:

- Onthou julle die tannie langs die rugbyveld.
- Ek sien in my gedagtes 'n groot veld.
- Al die pa's is op hierdie veld - besig om die game van die lewe te speel.
- En hier langs die veld staan die ma's en kinders.
- En party ma's en kinders beweeg op en af saam met die spel.

- En hulle skreeu vir hulle pappa:
 - Vasbyt pappa
 - Gaan vir die doellyn
 - Mooi so
- En die pappa speel al hoe beter want sy gesin staan agter hom.
- Maar party van die pappa's speel al hoe slegter.
 - Want die kinders staan nie meer langs die veld nie.
 - Hulle het geloop toe pappa die bal verloor het.
 - Mamma het geloop toe pappa onkant was.
 - En pappa is nou alleen op die veld.
 - En hy speel al hoe slegter, want niemand moedig hom aan nie.

Sal jy vir jou pa help?

Sal jy hom aanmoedig al het hy die bal verloor en vorentoe aangegee?

Hy het julle nodig om die pa te wees wat die Here bedoel het hy moet wees.